



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloiediagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 350–400 woorde.

1.1 **Toe kry ons die skoknuus ...** [50]

OF

1.2 *Oornag 'n ster!* [50]

OF

1.3 **Surrogaatskap is seker die onselfsugtigste daad wat daar is.** [50]

OF

1.4 **“Dis maklik om af te breek en te vernietig.
Helde is dié wat vrede maak en bou.”** [50]
[Nelson Mandela]

OF

1.5 **As jy nie jou lot kan verander nie, verander jou houding.** [50]

OF

1.6 Bestudeer die volgende visuele prikkels en skryf 'n OPSTEL oor EEN van die prente. Verskaf jou eie titel.

1.6.1



[Uit: Google Images] [50]

1.6.2



[Uit: Getty Images] [50]

1.6.3



[Uit: Google Images] [50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180–200 woorde oor elkeen.

2.1 TYDSKRIFARTIKEL**E-boeke al hoe gewilder in skole**

Skryf 'n ARTIKEL vir 'n tienertydskrif waarin jy die voordele/nadele van elektroniese boeke bespreek. Gebruik die bostaande opskrif. [25]

2.2 RESENSIE

Jy het onlangs 'n nuwe Afrikaanse boek gelees wat 'n groot indruk op jou gemaak het.

Skryf 'n RESENSIE vir jou skoolkoerant oor hierdie boek. [25]

2.3 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

“Sedert my ouers se egskeiding sukkel ek met my skoolwerk en vorder glad nie na wense op skool nie. Hier is niemand wat vir my omgee nie. My ma is byna nooit tuis nie, sy hou nie van my vriende nie en ons kommunikeer glad nie soos voorheen nie.”

Bostaande is 'n aanhaling uit 'n brief vanaf jou vriend/vriendin.

Skryf 'n BEMOEDIGENDE BRIEF aan hom/haar en gee raad. [25]

2.4 TOESPRAAK

Wêreldonderwysersdag word jaarliks in meer as 100 lande gevier om onderwysers vir hulle onontbeerlike bydrae te vereer.

Jy moet die onderwysers by jou skool vereer en aan hulle hulde bring.

Skryf die TOESPRAAK neer. [25]

2.5 HULDEBLYK

Een van jou gunsteling onderwysers het onlangs tragies in 'n motorongeluk omgekóm. Jy moet die huldeblyk oor hom/haar by die begrafnisdiens lewer.

Skryf 'n HULDEBLYK oor dié onderwyser/onderwyseres. [25]

2.6 FORMELE BRIEF

Tydens saalbyeenkoms het die skoolhoof benadruk dat selfone op skool verbode is.

Skryf 'n FORMELE BRIEF aan die skoolhoof om hom/haar te oortuig dat dit tog belangrik vir leerders is om selfone skool toe te bring.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

